# Die Drie Engele Se Oproep Tot Gebed

## DAG 1 — DIE DRINGENDHEID VAN GEBED

*"... hoeveel te meer sal die hemelse Vader die Heilige Gees gee aan die wat Hom bid?"* Lukas 11:13

### 'n Uitdagende Taak

Die wêreld se bevolking is besig om te ontplof. Die laaste bevolkingsyfers onthul dat ons wêreld 7.8 biljoen mense het wat mekaar verdring op hierdie tollende bol wat Aarde genoem word, terwyl dit deur die ruimte snel teen 'n spoed van 107, 827 kilometer per uur. Met omtrent 385,000 babas wat elke dag gebore word, of 140 miljoen per jaar, moet ons wonder hoe ons ooit hierdie wêreld gaan bereik met die evangelie en Christus se spoedige wederkoms. Elke jaar word daar omtrent sewe maal meer mense gebore as wat huidiglik lidmate van die Sewendedag Adventiste kerk is.

Of dink aan die uitdaging op 'n ander manier. Die wêreld se stede groei vinnig. Daar is ten minste 548 stede met 'n bevolking van 1 miljoen of meer. Baie van die stede is in lande waar die Sewendedag Adventiste Kerk 'n baie klein aantal lidmate het. Die uitdagende werk om hierdie wê reld met die Die Engele Boodskap te bereik rus swaar op ons. Miljoene mense sterf sonder Christus, 'n kennis van die goeie nuus van verlossing en die hoop op Sy wederkoms. Die taak voor ons lyk soms onmoontlik – en dit behoort ons tot ons knieë te dwing in dringende, ernstige gebed.

### Deur die Krag van die Heilige Gees

Geen hoeveelheid menslike pogings sal ooit genoeg wees om die hele wêreld vir Christus te bereik nie. Menslike planne is kragteloos behalwe as dit bemagtig word deur die Heilige Gees. Slegs deur die krag van die Heilige Gees kan miljoene in die groot stede van hierdie wêreld bereik word met die hemelse eindtyd boodskap. Slegs deur die krag van die Heilige Gees kan onbereikte lande wat die evangelie weerstaan bereik word. Slegs deur die krag van die Heilige Gees kan ons eie gemeenskappe bereik word. En die ongelooflike goeie nuus is dat God reeds werk in hierdie "moeilik - om- te- bereik" plekke. Hy nooi ons om Hom te nader vir die krag om die taak voor ons te voltooi.

### Hoeveel Meer

Jesus het gesê," *As julle dan wat sleg is, weet om goeie gawes aan julle kinders te gee, hoeveel te meer sal die hemelse Vader die Heilige Gees gee aan die wat Hom bid?"* (Lukas 11:13). Let op na die uitdrukking "hoeveel te meer" in hierdie vers. Jesus wil soveel meer vir ons persoonlik en soveel meer vir Sy kerk doen as wat ons ooit kan dink. Hy dring by ons aan om te vra vir die Heilige Gees, om te pleit vir die Gees, om die Heilige Gees se seëninge te soek met ons hele hart – nie omdat Hy onwillig is om dit te gee nie, maar omdat ons nie gereed is om dit te ontvang nie. Soos ons hierdie jaar die Tien Dae van Gebed begin, laat ons saam aanspraak maak op hierdie belofte.

"Die belofte van die Gees is tot geen bepaalde eeu of ras beperk nie. Christus het verklaar dat die Goddelike invloed van Sy Gees tot die einde toe met Sy volgelinge sou wees. Van die dag van die Pinksterfees af tot nou toe is die Trooster na almal gestuur wat hulle ten volle aan die diens van die Here oorgegee het." (*Die Handelinge van die Apostels,* bl. 49).

Laat ons saam bid.

### Gebedstyd (30–45 Minute)

### Getuienis uit die 2021 Tien Dae van Gebed

"Ek is dankbaar vir die Tien Dae van Gebed. Ek voel asof 'n vuur binne my aan die brand gesteek is. Ek spandeer meer tyd in die Bybel en met die Here…. Ek dank en loof God dat Hy my oë oopgemaak het, asook my hart en my verstand om Jesus en die Heilige Gees ten volle in my lewe te aanvaar." (Constance)

### 'n Kragtige Belofte

"As twee van julle saamstem op die aarde oor enige saak wat hulle mag vra, dit sal hulle ten deel val van my Vader wat in die hemele is. Want waar twee of drie in my Naam vergader, daar is Ek in hul midde." (Mattheus 18:19, 20). 'Vra vir My en Ek sal julle versoeke beantwoord.' Die belofte is gemaak op die voorwaarde dat daar verenigde gebed in die kerke opgaan, en in antwoord op hierdie gebede sal daar 'n 'n groter krag verwag kan word as dié wat kom in antwoord op privaat gebede. Die krag word in ooreenstemming gegee tot die eenheid van die lidmate en hulle liefde vir God en vir mekaar." (Ellen G. White, *Manuscript Releases*, vol. 9, bl. 303).

**Elke gebedsgroep het 'n verskillende manier om saam te bid. Ons moedig u aan om die volgende 30-45 minute in verenigde gebed deur te bring, op watter manier die Heilige Gees u ook mag lei. Hier onder volg voorbeelde van gebed deur die Skrif. U mag ander gedeeltes ook gebruik. Sien die Leiersgids vir ander gebedsidees.**

### Bid God se Woord – Lukas 11:13

"… hoeveel te meer sal die hemelse Vader die Heilige Gees gee aan die wat Hom bid!"

#### "Hoeveel te Meer"

*God, U is goed. U verlang net die beste vir my, soveel meer as wat selfs die mees liefdevolle ouer ook kan dink. U ken my in my diepste binneste, my hart, en U alleen verstaan hoe om my te herstel, te genees en te verander.*

#### "Die Heilige Gees"

*Jesus, ek dank U vir die belofte van die Heilige Gees, Hy bring die seëninge van God in ons lewens. Hy verheerlik U in ons harte. Hy bring die voordele van Verlossing wat U op Golgota vir ons lewens bewerk het. Dankie vir hierdie Gawe!*

#### "Die wat Hom vra"

*Vader, ek maak vandag staat op die belofte van Lukas 11:13. Ek wil daagliks met blydskap vra vir die geskenk, die teenwoordigheid en die krag van die Heilige Gees. Verwyder asseblief alles wat in die pad staan van algehele oorgawe aan U. Doop my en my gemeente met die Heilige Gees sodat ons Jesus kan verheerlik in 'n wêreld wat U so nodig het.*

### Meer Voorstelle vir Gebed

**Danksegging en Lof:** Dank God vir spesifieke seëninge en loof Hom vir Sy goedheid.

**Beleidenis:** Neem 'n paar minute vir privaat beleidenis en dank God vir Sy vergifnis.

**Leiding:** Vra God vir wysheid vir die huidige uitdagings en besluite.
**Ons Kerk:** Bid vir die streke en Wêreld kerk se behoeftes (sien aparte bladsy vir versoeke).
**Plaaslike Versoeke:** Bid vir die huidige behoeftes van lidmate, gesinne, familie en bure.
**Luister en Reageer:** Neem tyd om te luister vir God se stem en reageer in lof of sang.

### Voorstelle vir Liedere

*SDA Hymnal:* Spirit of the Living God (672); Sweet, Sweet Spirit (262); Fill My Cup, Lord (493);
*Adventlofliedere*: Gewyde Ure van Gebed (267); Vul my, O Gees van God(150); Gees van God (152)